Skriflesing: 2 Timotheus 1: 1 – 18
Teks: **2 Timotheus 1: 3-5 Vóór Nagmaal**
2 Timotheus 1: 6-7 Nabetragting
Sing: VOORAF SANG – Ps. 118:1
TYDENS EREDIENS – Ps. 48:4,5; Ps. 119:62; Ps. 86:8; Ps. 23:3; Ps. 116... Sb. 28b (Onse Vader)

2 Timotheus 1: 1 – 18

2Ti 1:1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, gestuur om die belofte te verkondig van die lewe in Christus Jesus.
2Ti 1:2 Aan Timoteus, my geliefde seun. Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here!
2Ti 1:3 Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink.
2Ti 1:4 Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees.
2Ti 1:5 Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.
2Ti 1:6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas.
2Ti 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.
2Ti 1:8 Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.
2Ti 1:9 Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.
2Ti 1:10 Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring.
2Ti 1:11 Van hierdie evangelie het Hy my aangestel as prediker en apostel en leraar.
2Ti 1:12 Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.
2Ti 1:13 Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het.
2Ti 1:14 Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.
2Ti 1:15 Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes.
2Ti 1:16 Mag die Here barmhartigheid bewys aan die huisgesin van Onesiforus, want hy het my dikwels kom opbeur. Hy het hom nie daarvoor geskaam dat ek in boeie sit nie,
2Ti 1:17 maar toe hy in Rome kom, het hy ywerig na my gesoek tot hy my gekry het.
2Ti 1:18 Mag die Here gee dat hy by Hom ontferming vind op die dag dat Hy weer kom. En wat Onesiforus alles in Efese vir my gedoen het, weet jy self baie goed.

Skriflesing: 2 Timotheus 1: 1 – 18
Teks: **2 Timotheus 1: 3-5 Vóór Nagmaal**
2 Timotheus 1: 6-7 Nabetragting
Sing: VOORAF SANG – Ps. 118:1
TYDENS EREDIENS – Ps. 48:4,5; Ps. 119:62; Ps. 86:8; Ps. 23:3; Ps. 116... Sb. 28b (Onse Vader)

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag by ons voorbereidingsdiens het ons die eerste Timotheus brief afgesluit. Dit waarmee die brief eindig is dat ons die goeie stryd van die geloof moet bly stry. Soos ons teksverse dit gestel het- 1 Tim 6:12... *12 Stry die goeie stryd van die geloof;13 gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is en waarvan jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het* (2020 Vert). Dit was duidelik die gelowige sal

altyd ’n harde stryd moet kan stry. Kerk-wees, ware kerk-wees sal nooit maklik wees nie. Ons moet nooit wil ophou om die goeie stryd te bly stry nie. By voorbereiding het ons ook mekaar afgevra dat as ons weet dat daar altyd ’n stryd ophande sal wees, moet ons stry vir dit waarvoor gestry moet word. Ons moet nie in onnodige stryd en twis en tweedrag verval nie. Jou en my stryd moet altyd die twéé wesens-elemente bevat. Ons moet stry vir die eer van God se Naam en vir die gesonde leer. Alles buite die twee dinge moet mooi oor nagedink word, is daar enigiets buite die eer van God se Naam en die gesonde leer wat ek ooit in ’n stryd mag verval?

***

Met voorbereiding het ons ook wou wys as jy dié dinge kan uitken waarvoor ons bereid moet wees om te stry, dan sal die ewige lewe vir jou iets wees wat ek sal wil aangryp. Hoe belangrik was die afsluiting van Paulus se eerste brief as dit vir hom daaroor gaan dat ons die ewige lewe moet kan vasgryp, dié lewe waartoe ons geroep is. Ons het mekaar toe ook afgevra waarna mag ek regtig in my lewe na uitsien? Waarvoor lewe ek?! Vir geld, vir genot, vir myself en net my belange, ja ons voorbereiding moet aanhoudend die vraag vra-waarvoor lewe ek...! Lewe ek nog vir die eer van God se Naam, vir die gesonde leer, is ek regtig besig met die dinge waartoe God my roep.

***

Vandag het ons die eerste hoofstuk van die tweede brief aan Timotheus gelees. Met hierdie eerste deel van die tweede brief wil ons tot die tafel van die Here nader. Dadelik mag ons wonder sluit hierdie twee briewe op enige wyse bymekaar aan? Wat het intussen gebeur dat Paulus nou ’n tweede brief aan Timotheus skrywe. Daar het seker vyf of ses jaar tussen die skrywe van die twee briewe verloop. Wat maak dat Paulus regtig deur die Gees van God nie anders kon as om ’n tweede keer aan die dominee Timotheus te skrywe, die man wat Paulus baie liefgehad het, wat hy noem *my kind.*

***

Mag ons vandag besef dit wat werklik by Paulus die noodsaak en begeerte gewek het om ’n tweede keer aan Timotheus te skrywe, is dinge wat by hierdie Nagmaal vandag ook vir ons van groot waarde moet wees. Ons teksverse is vandag niks anders as ’n dankgebed wat in tye van groot druk en moedeloosheid en groot onsekerheid tot ons moet spreek. Vóór Nagmaal gaan ons kyk na wat het die drukte en moedeloosheid by Paulus en Timotheus kon wek. Ook hoe Paulus God wou dank al gaan dit hoe moeilik en daar lyk nie uitkoms te wees nie. By nabetragting mag ons verder gaan en mekaar op die krag van die gebed wys wat vir die moedelose bedoel is. Eerste dan-

<u>Paulus se omstandighede waar hy nou skrywe...</u>

Dinge het baie verander na die skrywe van die eerste brief. Al was die brief afgesluit met die gedagte van die harde stryd wat die ewige lewe moet kan vasgryp vir dit waartoe ons geroep is. Nou kom die ware toets. Toe Paulus die eerste keer in Rome in gevange geneem was, wat ons aan die einde van Handelinge 28 sy omstandighede kan lees, was dinge makliker. Al was hy ’n gevangene, was hy eintlik net in huis-arres. Hy was in staat om besoekers te ontvang en lees ons in Handelinge 28: 30-31 lees ons hoe hy ook kon preek en andere leer.

Nou het dinge baie teen hom gedraai. In vers 16 verwys hy na die boeie waarin hy sit. Hy is nou diep in ’n tronk in Rome opgesluit en word as ’n krimineel behandel. In so ’n donker sel was daar snags geen lig om te lees of te skryf nie, geen behoorlike sanitasie, niks wat sy lyding in hierdie bittere tyd kon verlig nie. In die baie kere se moeilike omstandighede waarin ons weet Paulus vantevore in verkeer het, is hierdie seker die ergste van almal gewees. Wat dit nog swaarder gemaak het, is Paulus se teleurstelling in ander mense. Hoe daar al meer mense hulle rug op hom gedraai het. In vers 15 verwys hy hierna... *15 Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes.*

Die mense wat nog werklik bereid was die stryd saam met hom te bly stry kon hy seker met sy een hand se vingers tel. Onder hulle is Timotheus seker die een wat hy eerste sou wou noem. Hoe mooi getuig hy ook aan die einde van die eerste hoofstuk ook oor Onesiforus. Hierdie Onesiforus het Paulus kon opbeur; hy was nie skaam om vir die wêreld te wys hy hom openlik by Paulus skaar nie. Hy het na Paulus in die verskriklike toestande bly soek totdat hy hom gekry het. Voorwaar ’n aangrypende getuienis, gebed en besondere seën oor die mens Onesiforus en sy gesin uitgespreek. Ook dr. Lukas, skrywer van die evangelie en Handelinge verwys Paulus in die laaste hoofstuk van sy lewe dat Lukas ook by hom was (4:11). Hy het nie eers ’n warm jas by hom gehad nie, met waarskynlik ’n winter ophande. Die baie briewe wat hy al vantevore geskryf het, is ook iewers langs die pad op ’n ander plek agtergelaat. Dalk toe hy gevange geneem was, was dit hom ontneem. Hy vra in hfst 4:13 vir Timotheus ... *13 As jy kom, moet jy die reismantel saambring wat ek by Karpus in Troas laat bly het, en ook die boeke, veral die perkamente.*

Opmerklik dat Paulus baie rede tot bitterheid kon hê. Al was daar sulke waardevolle advies in die eerste brief aan die kerk in Efese gegee, was dit nie asof die kerk uit hulle ellende kon opstaan nie. Die swak en korrupte teologie waarteen Paulus hulle bly waarsku het, het net nog dieper inslag gevind. Hulle goddelose gedrag het ook nie noemenswaardig verbeter nie. Paulus is nie bitter of kwaad oor sy onregverdige gevangenskap nie. Al is daar soveel lyding is sy gedagtes by God en wat Timotheus nog vir oulaas moet lees en hoor en verstaan.

Dit is baie duidelik die vertroue tussen Paulus en Timotheus het egter net nog sterker geword. Deurgaans in hierdie laaste brief van Paulus op aarde geskrywe is dit asof hy al stywer kon vashou aan wat sy laaste hoofstuk in sy eers brief ook was. Die ewige lewe is nou al wat saakmaak. Hy gryp al hoe meer daarna. Hy is gereed om te sterf. 2 Timotheus 4 is ook sterk daarop gefokus. In van die laaste dele stel hy dit onomwonde dat hy alreeds as drankoffer uitgegiet word. Die tyd van my dood is voor die deur. Daarmee saam daardie bekende saambind van sy lewenstryd op aarde. *7 Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou* (1933 ’53 Vert). Terwyl ons hierdie omstandighede van Paulus in sy laaste brief by die Nagmaal voor oë hou, alles dinge wat groot drukte en moedeloosheid by Paulus kon veroorsaak, is dit so opmerklik, dat hy juis nie sy drukte en moedeloosheid laat seëvier nie. Nee, ons sien in die tweede plek-

<u>Hy dank God, al gaan dit hoe moeilik en lyk daar vanuit die aardse lewe geen uitkoms te wees nie.</u>

Sal ons by hierdie Nagmaal dit vandag ook goed raaksien. God kan gedank word ten spyte van omstandighede. ’n Saak wat ons sekerlik by die verkiesing hierdie week ook in gedagte moet hou. Ons weet nie wat op ons wag nie. Polities was hier in die land se geskiedenis min kere soveel op die spel en soveel onsekerheid en afwagting. Wat gaan nou eintlik gebeur?

Paulus se dankgebed is ’n gebed vanuit die verbond gebid. *3 Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien ...* Hy dink aan hulle in die geskiedenis wat al net so swaar gekry het, soos hy. Deur die geslagte het God sy genade maar net nog altyd weer en weer geskenk. Deur die geslagte is daar maar nog altyd weer en weer Nagmaal gevier. Vandag mag ons dit wéér doen. Besef ons nog werklik die waarde hiervan.

Die uniekheid van ’n gelowige wat God dank lê daarin dat ’n gelowige nou maar eenmaal dinge anders sien as wat dit op die oog af lyk Ons kan dit nie miskyk nie. Hoe baie van ons gebede sou in sulke sware tye maar eintlik bitterheid en verwyt insluit. Hoekom ek, waarom

ek, wat lê voor?! Alles dinge wat op die oog af mag voorkom ek God beslis nie daarvoor sal kan dank nie. Dan besef ons, veral waar ons weet 10 dae na hemelvaart het die Here sy Heilige Gees uitgestort, alleen in die Heilige Gees kan gedoen word, wat Paulus ook hier doen. Verlede Sondag was by ons ook Pinkstersondag. Vanuit Pinkster moet ons ook hierdie goeie belydenis voor baie getuies kan aflê. Daar is altyd rede vir dank wat ook al die omstandighede is.

Paulus gebruik die uitdrukking nag en dag. Hy dank God nag en dag. Sy gebede is dankgebede as hy nag en dag in besonder aan Timotheus dink. Daar was by Timotheus groot hartseer. Ons wil aanvaar dat Timotheus se groot hartseer juis die dag was wat hulle Paulus gevange geneem het. Paulus praat van *afskeidstrane ...* *4 Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees.* En dan kom die besondere deel van die dankgebed- *5 Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.*

Almal kom in lyn en staan saam. Dit wat in die kerk veronderstel is om te gebeur. Moet nie uit pas raak met wat God besig is om te doen nie. Al was ouma Lois en ma Eunice beslis ook eers van die Joodse geloof oortuig is daar geen sprake dat Paulus ’n oordeel oor hulle uitspreek nie. Al was hierdie vrouens beslis nie in hulle jonger jare Christenvrouens gewees nie, wel seker Joods ortodoks en het hulle Timotheus ook opgevoed in wat hulle beskou het as die heilige Joodse tradisie. Paulus veroordeel niks van die dinge wat in die verlede lê en wat beslis nog nie duidelik op Christus kon dui nie. Tog weet hy die Here slaan hoe dikwels met ’n krom stok reguit houe. Dit is twee vrouens al was hulle aanvanklik nie deel van Christus se kerk nie, het Christus Homself deel van hulle lewe gemaak. Alles begin altyd by God nie by die mens nie.

Paulus sien nie ’n teenstelling tussen Timotheus se geloof en die van sy voorouers nie. Wat hy wel weet en by Nagmaal moet ons dit goed raaksien. God is altyd in Christus met ons aktief besig. Timotheus se geloof het geword die volle ontplooiing van die geloof wat by sy ma en ouma was. Of anders gestel- Paulus sien by hierdie Joodse helper van hom die vervulling van die Ou-Testamentiese geloof van die moeders. Daarom dat Paulus wel dan Timotheus se opvoeding so positief kon aanprys. Hoe mooi is die aanprysing nie later in hfst. 3:14-15- *14 Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou*

leermeesters was 15 en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.

By sy ouma en ma het Timotheus die Ou Testament geleer, daar was behoorlike katkisasie. Toe kom Paulus Timotheus se lewe binne. Paulus het nie die voorouers wou weerspreek nie, maar het hy Timotheus goed laat verstaan dat alleen in Jesus Christus kon die leer van die Ou Testament sy volle betekenis kry. Dit het nou waarlik geword die *gesonde leer.* In Christus kom alles in lyn en kan in die regte lig gesien word. Christus het gekom nie om God se verlossingsplan te verander nie, maar juis om die verlossingsplan tot vervulling te bring. Die geloof in Jesus Christus is die sleutel om die Ou Testament op die regte manier te verstaan. Dan word die Ou Testament so 'n ryke skat, kosbaar as God deur sy Heilige Gees ons in staat stel om ook die Ou Testament in Christus te lees. Soos ons nou in Christus alleen ook die Nagmaal reg mag verstaan en reg sal vier. Die Pasga wat die Nagmaal kon word. Daar het iets met die ou dinge gebeur dat ons die nuwe in Christus mag vier. Mag u dit ook só ontvang.

Dit is so opvallend in hierdie laaste dae van Paulus se lewe, werk hy sterk vanuit sy gewete. *Ek dank God wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien...* Ons besef as dit van Paulus self sou afhang hoe op aarde kan hy sy gewete skoon noem. Hy het dan self die eerste diaken se bloed op sy hande, daardie man se bloed het sekerlik ook op hom wat Paulus is gespat toe hulle hierdie diaken gestenig het. Alleen is dit net weer Christus wat dinge skoon en reg kon maak wat nie reg en skoon was nie. Dit maak dat Paulus met 'n skuldvrye hart en gemoed kon werk en skryf. Wie in Christus verlos is, ontvang vergewing, al was my lewe hoe 'n gemors. Nou kan hy God met 'n rein gewete en opregte gemoed dien, Hy kan God eer en dank. Mag u dit nou ook by hierdie tafel wil doen as ons na hierdie viering mag kom daarby waartoe Paulus se gebed ons nog vêrder by gaan uitbing.

AMEN

Nabetragting
2 Timotheus 1: 6-7

2Ti 1:6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas.
2Ti 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

Geliefdes ons het Nagmaal kon vier, ons het daarop gewys dat verlede Sondag het ons ook Pinkster kon vier, Nagmaal en die Heilige Gees werk saam. Wanneer God dinge so laat

saamwerk dan gebeur dit dat my omstandighede nie my lewe bepaal nie, maar is daar groter dinge wat in die lewe saak maak. Die besondere verhouding wat daar tussen Paulus en Timotheus was, is iets wat ons moet aanspoor dat daar tussen ons as medegelowiges ook so ’n verhouding behoort te wees.

***

Tog was Paulus terdeë bewus al minder mense het van hom gehou, al meer het sy rug op hom gedraai, maar nou werk hy met verhoudinge wat in Christus deur die Heilige Gee geheilig is. Verhoudinge wat regtig saak maak en nie gewoon die vlak horisontale omgaan wat ons op aarde dikwels met mense moet probeer handhaaf nie. Geheilig moet ons verhoudinge wees, dat wanneer daar werklike bande is, ons God vir hierdie liefdesbande sal dank.

Daarom dat hy so intens daarna verlang dat Timotheus hom tog net weer vir oulaas sal besoek. Hy weet sy dood is naby maar hy wil dat Timotheus so gou moontlik van Efese na Rome moet kom, kom besoek my, wees naby my. Ek sien nog jou afskeidstrane, ek verlang werklik na jou. Die groot geheim van baie mense van die Bybelse tyd en die ou tyd is dat hulle sterk op hulle geheue en dinge wat ek kan onthou ingestel was.

Diep in die tronk is dit asof daar prente van die verlede soos ’n rolprent in Paulus se gedagtes en geheue afspeel. Hy sien dinge helder al is dit nie dinge wat nou gesien kan word nie. Dit is ook wat by Nagmaal moes gebeur. Ek moes dinge in die brood en wyn sien, ja waar die beker die prent nog duideliker maak, ek moet alles kan raaksien asof ek die gekruisigde Christus vóór my sien. Hy wat daardie nag by die eerste Nagmaal die beker kon vashou en die brood gebreek het. Vir my het Hy sy lewe en bloed gegee. Sy liggaam is vir my gebreek, sy bloed vir my vergiet, hier het ek die beker kon vashou wat Christus in my lewe my wou toelaat om ’n greep op sy lewe te mag hê. Ons het dit gesamentlik kon vashou, ons het Christus met mekaar wou deel, omdat uit een brood baie stukkies brood kon volg en omdat uit een beker gesamentlik gedrink kon word. Ons in Christus en Christus in ons.

Dit is duidelik dat al was Paulus diep in die tronk opgesluit hy ook terdeë bewus was dat Timotheus ook baie moedeloos geraak het. In sulke tye van diepe moedeloosheid is wanneer die liefdesbande wat God in Christus tussen sy kinders lê dan regtig saakmaak. Die Heilige Gees hou hierdie bande lewend al is ’n ouer Paulus in die tronk in Rome en ’n moedelose Timotheus deel van ’n kerk in Efese wat dreig uitmekaar te val. Tog word albei die manne

gedra deur die gesamentlike roeping en ook in hulle gesamentlike spanning wat die bediening van God se Woord in albei se lewens veroorsaak. ’n Spanning wat dreig in vrees te ontaard.

Daarom is die woorde in vers 7 vir beide van hulle van die uiterste belang- *7 Want God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* In Paulus se geval is die tronk ’n plek wat baie vrees kan veroorsaak, in Timotheus se geval is ’n gemeente waar dit maar net nie gaan soos dit in ’n gemeente behoort te gaan nie, dan dreig die kerk vir ’n bedienaar ook ’n plek van vrees te word. Daarom sê die Heilige Gees vir beide van hulle- dit deur die pen van Paulus. Moet nie bang wees vir mense nie. ...*God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.*

Gaan jou vrees tegemoet met die Heilige Gees, dan verander die Heilige Gees dinge wat dit mag lyk ek en jy nie kan verander nie. Dan werk die Gees deur die Woord en dan gebeur wat Paulus vir Timotheus ook mee kon aanspoor. Weer iets van die verlede wat die geheue aan moet vashou. *6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas.*

***

Mag al hierdie dinge ook ná vandag se Nagmaal vir jou en my in besonder help en ophelp. Die krag van die gebed, veral die krag van ’n dankgebed vir moedeloses mag ons nie onderskat nie. Nou wat Paulus van Timotheus se swaarkry gehoor het en sy eie omstandighede is nog slegter as Timotheus s’n, is dit juis Paulus wat veronderstel was om nog meer moedeloos te wees, is hy die een wat Timotheus wil help. En hy help hom nie met aardse dinge, met gewoon mooi aardse gedagtes van elke donker wolk het darem ’n silwer randjie nie. Niks daarvan nie, maar delf terug in jou geheue, laat jou onthou van die verlede jou bring by die dinge waar my geheue my by uitgebring het. ’n Nuwe kyk op die toekoms. Die nuwe sluit in, ’n skoon gewete, die vreugde as ek jou weer mag sien, die opregte geloof, ook jou ma en ouma moet deel van jou geheue word. Onthou hoe toegewy hulle was, ons voorbeeld.

En mag die Heilige Gees, ja wanneer Pinkster aan Nagmaal verbind word, dan word die Nagmaal ’n genadegawe wat jou roeping as gelowige weer soos ’n vuur moet aanblaas. Mag die vlamme van jou geloof weer opvlam, Timotheus, hou op om bang te wees vir die mense wat God aan jou toevertrou het jy hulle met sy Woord moet bedien. Moet vir hulle nie terugdeins nie. Moet nie dat hulle jou lafhartig maak nie, moet hulle nie vrees nie. Die Gees

wat die geloofsvuur weer kan laat brand, is dieselfde Heilige Gees wat anders is as die gees van vrees en lafhartigheid. *God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.* Daarom Timotheus moet nie skaam wees vir die Woord nie. Daar is nog baie werk, dit is jóú werk. Dit is tog wat vv 8-10 sê ... *8 Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee. 9 Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.* As hierdie woorde ons nie troos en versterk nie, dan moet so ’n mens maar met sy gees van vrees bly saamleef.

AMEN